GRAAN SA/GRAIN SA
Perspektief
PERSPECTIVE
NUUSBRIEF
NEWSLETTER

KLIK HIER VIR DIE AFRIKAANSE WEERGAWE | CLICK HERE FOR ENGLISH VERSION

**11/01/2013**
**WEEK 2 - 2013**

**In hierdie uitgawe...**

- Brandstofpryse vir Februarie 2013
- Landboutoestande vir somergrane soos op 9 Januarie 2013
- Oesskattingsprojek vir somergraangewasse binnekort van stapel gestuur

## Brandstofpryse vir Februarie 2013

*Petru Fourie (ekonoom: Bedryfsdienste, Graan SA)*

» Volgens die jongste inligting van die Sentrale Energiefonds, kan die petrolprys op 6 Februarie met 11 sent per liter **STYG**, terwyl die dieselprys met 16 sent per liter kan **DAAL**.

Terug na bo

## Landboutoestande vir somergrane soos op 9 Januarie 2013

*Petru Fourie (ekonoom: Bedryfsdienste, Graan SA)*

» **KwaZulu-Natal**
Mielies kom nou in die saad en vertoon oor die algemeen belowend. Dit is tans relatief droog en reën word dringend die komende week benodig om bogemiddelde oeste te verseker.

**Mpumalanga**
Mielies vertoon tans baie mooi en die potensiaal is daar vir bogemiddelde oeste indien voldoende opvolgreën voorkom. Die groeistadium van mielies verskil, maar die grootste deel begin in die saad kom. Sojabone vertoon tans beter as wat hulle twee weke terug gelyk het. Opvolgreën bly noodsaaklik.

**Vrystaat**

*Oos-Vrystaat*
Produksietoestande lyk tans baie goed in die Oos-Vrystaat. Sprake is dat bogemiddelde oeste vir al die somergewasse verwag kan word. Daar is tans voldoende ondergrondse vogtoestande, maar opvolgreën bly noodsaaklik.

**Noordwes-Vrystaat / Sentrale Vrystaat**
In die noordwes en sentrale dele van die Vrystaat lyk toestande oor die algemeen gemiddeld. Die stand van die mielies is oor die algemeen nie te goed nie en is baie onegalig. Reën het kol-kol voorgekom, maar produsente het grotendeels hulle verwagte hektare soos beplan aangeplant. Produsente in die Bultfontein/Hoopstad/Bothaville omgewing het erge springhaasrot en aalwurmprobleme ervaar wat meegebring het dat baie hektare oorgeplant moes word. Produsente is hier en daar nog besig om sonneblom aan te plant, maar aanplantings is hoofsaaklik afgehandel. Die ondergrondse vog is tans redelik, maar opvolgreën bly noodsaaklik. Hertzogville-omgewing is tans baie droog.

**Noordwes Provinsie**
*Noordelike dele van die Noordwes Provinsie*

Reën het sporadies in die noordelike dele van die Noordwes Provinsie voorgekom. Produsente kon in sekere areas nie hulle mielie-aanplantings voltooi nie weens droogtetoestande. Sprake is dat tussen 5% tot 10% van die mieliehektare nie klaar aangeplant kon word nie en dat 'n verhoging in oorlêlande of die verskuiwing na alternatiewe gewasse waargeneem kan word. Sonneblomaanplantings vorder goed en produsente is tussen 85% tot 90% klaar aangeplant. Gewasse vertoon soos reënneerslae voorgekom het, maar oor die algemeen lyk die gewasse wat reeds opgekom het goed. Goeie, deurdringende, verspreide reën word benodig.

*Suidelike dele van die Noordwes Provinsie*
Die droogtetoestande wat tydens planttyd in die suidelike dele van die Noordwes Provinsie geheers het, het meegebring dat die plantseisoen sowat twee weke later as normaalweg 'n aanvang geneem het. Tans is die produksietoestande in die omgewing belowend en jong gewasse vertoon oor die algemeen mooi. Produsente is klaar met hulle mielie-aanplantings, terwyl daar nog tussen 5% tot 10% sonneblom aangeplant moet word. Die vog is tans voldoende, maar goeie opvolgreën bly noodsaaklik.

Terug na bo

## Oesskattingsprojek vir somergraangewasse binnekort van stapel gestuur

*Petru Fourie (ekonoom: Bedryfsdienste, Graan SA)*

» Die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye se Oesskattingskomitee het die Nasionale Oesskattingskonsortium aangestel om 1 960 produsente in die Vrystaat, Mpumalanga en Noordwes Provinsie, tussen **21 Januarie 2013** en **21 Februarie 2013**, op hulle plase te gaan besoek.

Veldwerkers sal oesskattingsinligting oor die aantal hektare met somergraangewasse beplant en verwagte oesopbrengste, inwin.

Die Konsortium het onlangs 'n nuwe lukrake steekproef van graanprodusente saamgestel om dié produsente wat vir die afgelope paar jaar getrou aan die opnames deelgeneem het, 'n ruskans te gee.

Daar word dus 'n dringende beroep gedoen op produsente wat in die herontwerpte steekproef ingesluit is, om hulle samewerking aan die veldwerkers te verleen.

Die veldwerkers sal goed opgelei wees en duidelik onderskei kan word deur 'n blou en bruin pet met die woord Oesskattings daarop. Elke veldwerker sal ook in besit wees van 'n ID-kaart met sy foto en die registrasienommer van sy voertuig daarop.

Alle inligting wat ingesamel word, sal as 100% vertroulik beskou word en slegs vir oesskattingsdoeleindes aangewend word.

Onthou:

- Akkurate oesskattings is in almal se belang.
- Produsente in die Vrystaat, Mpumalanga en Noordwes Provinsie sal tussen 21 Januarie 2013 en 21 Februarie 2013 besoek word.
- Oesskattingsinligting oor die aantal hektare met somergraangewasse beplant en verwagte oesopbrengste, sal ingewin word.

Vir meer inligting kan mnr Rodney Dredge of mev Rona Beukes van die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye by (012) 319-6507/8032 of RodneyD@daff.gov.za/RonaB@daff.gov.za gekontak word.

Terug na bo